# STABILIS

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary

JAARGANG / VOLUME 45 · NO 2

**Junie / June 2011**




**Suksesvolle seisoen steeds binne die eerstespan se bereik na belowende resultate.**

Foto: Le Riche Coetzer

"'n Onoorwonne seisoen is nog 'n realiteit." Dit is die woorde van Dries Swanepoel, kaptein van die eerste rugbyspan. Met hierdie hoë verwagtinge, kan daar gesê word dat die eerstespan ook die tweede kwartaal suksesvol afgesluit het.

Mnr. Ingo Machts, afrigter van die eerstespan, is ook oortuig dat die rugbyseisoen tot dusver voorspoedig verloop het, "ten spyte van 'n baie druk rugbyprogram." Hy voeg by dat die twee gelykop resultate onbevredigend was, maar dat dit aan eie toedoen te wyte is. Hierdie twee wedstryde was teen Selborne en Hoër Jongenskool Paarl. Teen laasgenoemde was die telling 15 elk, terwyl die wedstryd teen Selborne met 16 punte elk gelykop geëindig het. Dries sê ook: "Ons streef altyd na meer en beter." Om gelykop teen hierdie twee spanne te speel, is glad nie sleg nie.

Die oorwinning oor die hoogaangeskrewe span van Hoërskool Waterkloof is volgens Dries sover die hoogtepunt. Grey was die '*underdogs*', maar het nogtans 'n oorwinning van 21-16 behaal. Mnr Machts voeg by dat die 18-14 oorwinning teen Hoërskool Monument, ook uitgestaan het.

Met die res van die seisoen wat nog voorlê, het die eerstespan steeds die kans om alle verwagtinge te oortref.

**- Helgard Claassen**


News p 2



Clothing4Children gets off to a great start on a very cold morning

Kultuur p 5



Witteberge eggo die ervaring van die Passiespele deur Lady Grey

Diepte bl 7




Mees gehate terroris ter wêreld se lont word finaal geknip deur VSA

Sport p 12



Eerste hokkiespan maak vooruitgang op pad na 'n blink wenseisoen






Mr Price Sport is a proud supporter of Grey Rugby

## BLITSNUUS

### Grey koor mik weer na goue simbool

Met baie harde werk en strawe oefenure het die Grey-koor by die jaarlikse Eisteddfod-kunswedstryd 'n A+ verower. Dit was slegs die begin vir nog harde oefenwerk wat sou voorlê om aan die ATKV-kompetisie op 26 Mei te kon deelneem. Die koor het op 26 Mei aan die ATKV-streekskompetisie deelgeneem in die meer ervare afdeling. Hier het hulle 'n goue simbool verower bo die Hoërskool Sentraal wat 'n silwer simbool behaal het.

Die ATKV nooi slegs 'n beperkte aantal kore na hul finale koorkompetisie, wat hierdie jaar in Pretoria sal plaasvind. Grey en Affies is twee seunskore wat die eer het om in die dieselfde kategorie aan hierdie kompetisie deel te neem.

Die laaste keer wat Grey goud gekry het, was in 2009 in die minder ervare afdeling. Hierdie jaar mik die skoolkoor weer vir 'n goue simbool in Pretoria.

## BELANGRIKE DATUMS

**JULIE**

| | |
|---|---|
| 23 | Interskole: Pretoria Boys' High |
| 27 | Koor ATKV Applous |
| 30 | Interskole: Grey High |

**AUGUSTUS**

| | |
|---|---|
| 5 | Tennis: Affies /15 Toernooi |
| 12 & 13 | Redenaars: ATKV Finaal |
| 12 | Interskole Glenwood |
| 19 | Interskole Paul Roos |
| 24-27 | Krieket: Hilton /14 Fees |
| 25 & 26 | Musiekfees |

# Helping the less fortunate

## Boys make concerted effort to combat the cold winter

Clothing 4 Children is an initiative aimed at helping those less fortunate by collecting donated clothing from schools all over the country, and distributing this where it is needed. Grey College was part of this tremendous project which saw over 3000 bags collected, a total mass of 22.5 tons, worth R9.8 million.

The initiative began with Schalk Burger, head boy of Saint John's College in Johannesburg. Schalk's vision is a simple one: to see one million children clothed over the next 5 years. Schools are being "challenged" all over South Africa to help reach this goal. "It's a great privilege for Grey College to take part in a project like this. Hopefully we can influence other schools in the Free State and country to partake in this positive initiative," commented head boy, Dries Swanepoel.

Jaco de Swart, matric student who donated over 50 bags of clothing, explains, "For me it wasn't about the prizes, but rather the 'winning' feeling you get inside for contributing to a great cause. It was a wonderful adventure collecting clothing and hopefully this will show how we care here at Grey."

Schalk showed his appreciation by stating, "I would like to thank Grey College for their collection. I am very pleased and honoured to have worked with the school on this project." Mr Volsteedt summed up the day, saying, "Whenever we give, we get so much more in return."

The grade 8s warmed hearts by using the bags to spell "Frank" in commemoration of their classmate who tragically passed away fairly recently.

The view from the top of the main rugby field, where the boys were enthusiastically placing and counting their bags, was truly memorable. This sight in itself was heartwarming enough, and was simply a reminder that all should give of their good fortune to provide a modicum of comfort to those in need.

May this initiative grow and prosper and become an annual institution.

**- Claudio Achadinha**



School captain, Dries Swanepoel with Schalk Burger. **Foto: Riaan Carr**

## So ry die trein met Grobbies aan die stuur van sake

Sukses en vooruitgang word dikwels gemeet teenoor iets of iemand. By Grey Kollege meet ons ons vaardighede teenoor ander skole. Dit is waar interskole 'n rol speel.

Die sal nooit moontlik wees sonder die uitstekende leiding en reëlings wat mnr Johan Grobbelaar (of beter bekend as "Grobbies") tref nie. "Dit lyk asof dit baie moeite verg om 700 seuns op trein te sit en so 'n ver reis kan 'n kopseer veroorsaak," het Stephan Moolman, matriekleerling gesê. Dit veg duidelik deursettingsvermoë en geduld, baie geduld.

Tydens 'n onderhoud met Stabilis het mnr Grobbelaar 'n lys verskaf van reëlings wat getref moet word voor die interskole, insluitend waar die spelers en personeel van die ander skole bly tot waar hulle kan stort en tande borsel. Veldindeling is ook 'n belangrike deel van die reëlings, sowel as ete-reëlings en waar ander sporte soos die bergfietsry en landloop sal plaasvind. "Sonder mnr Grobbelaar en sy span sal sulke interskole minder suksesvol wees," beweer mnr Juan van den Berg, Aardrykskunde-onderwyser. "Mnr Grobbelaar is sy gewig in goud werd…"

Interskole in ander stede is ook 'n groot uitdaging vir mnr Grobbelaar. "Ons moet alles reël, verblyf, vervoer ens."

Sonder interskole is dit moeilik om sport- en kultuuraktiwiteite te ontwikkel en die standaard te meet, en mnre Grobbelaar en Prins maak dit moontlik.

**- Simon Sonnekus**


Supporter of Grey College

FNB
First National Bank

Proudly South African

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd

Supports Grey College Sport




Coca-Cola Fortune

## Cheetah-fabriek voorsien 'Grey't' produkte

Die Reünie-saal is vir die meeste Grey-seuns 'n deel van hulle daaglikse ervaring, maar vir Robert Ebersohn, Sias Ebersohn en Coenie Oosthuizen - oud-leerlinge van 2007, is dit anders. "Eers as jy later terugkom, besef jy hoe spesiaal die saal eintlik is," aldus Robert.

Dié drie Cheetas het op Vrydag, 13 Mei 2011 die saalbyeenkoms bygewoon, voor die Affies-inter ongelukkig uitgestel moes word as gevolg van die nat velde. Dit was nietemin vir ons Vrystaters 'n vreugdevolle dag as gevolg van die Cheetahs se oorwinning oor die magtige Crusaders.

Mnr Volsteedt sê die drie oud-Greys is manne wat met hulle talente woeker en as voorbeeld vir alle Grey-seuns dien. Die Ebersohn tweeling speel reeds van kleins af saam rugby, en hulle absolute ingesteldheid op mekaar kan met die van Dawid en Jonathan vergelyk word.

Robert was in 2007 die skoolkaptein en ook die rugbykaptein. Sias was 'n prefek en 'n puik spiesgooier, en sy rugbyloopbaan het ook hier begin. Coenie het sy debuut vir die eerstespan reeds in Graad 10 gemaak.




Robert Eberson in aksie as eerstespankaptein in 2007. **Foto: Verskaf**

Mnr Voldsteedt som dié drie manne soos volg op: Robert is 'n puik leier, Coenie, 'n opregte mens en Sias is 'n platjie met 'n wonderlike humorsin.

Die drie suksesvolle jong mans verteenwoordig 'n suksesverhaal waarop hulle, en veral die skool, besonder trots kan wees. In hierdie stadium kan die Vrystaat ook baie bly wees oor die feit dat hierdie drie staatmaker-rugbyspelers besluit het om ten minste nog 'n seisoen vir die Cheetahs uit te draf.

Die sukses van die jaar 2007 verwoord Robert soos volg: "Ons jaargroep was een van die sterkste groepe ooit, nie net noodwendig in terme van sport nie. Ons absolute broederskap en samehorigheid was iets besonders."

Hy sê voorts: "'n Mens moet definitief nie vergeet dat die tennis, krieket en hokkie ook daardie jaar onoorwonne was nie!"

Hierdie is drie oud-Grey manne van puik kaliber, voorbeelde van ware Grey-gentlemen.

**- Luan Reynders**

LATE NEWS

## That awkward moment when the world doesn't end

So, yet another rapture-apocalypse-end-of-the-world has come and gone without too much death and destruction. The latest date predicted was 21 May 2011 (a year before the Rugby World Cup, yeah right).

Eighty-nine year old Harold Camping though, was sure that we wouldn't ever get to see the season finale of *How I Met Your Mother*. According to him, on that day, about 2% of the earth's population would be "raptured" to heaven while the rest would go to that other place…

He said the world would end on 21 May because that's exactly 722500 days from 1 April AD33 (some mathematical April fool's joke maybe?), which he believes is the day of the Crucifixion. The figure 722500 is important because you get it by multiplying three holy numbers (5, 10 and 17) together twice.

Well, to everyone who sold their houses and stopped feeding their cats - sorry.

The interesting twist to this story is that the 'prophet' Howard Camping suffered a stroke quite recently. According to media reports he is doing well, but one wonders whether he perhaps did not predict only his own rapture!

His followers have a small degree of comfort in knowing that, also according to Camping's predictions, this was only a taste of what is to come and the 'real' rapture is set for October of this year. "Better luck next time, Harold"!

It would probably be wise not to buy any green bananas...

**- Willie Louw**

# Papsop-winter-waternat, maar van uitstel kom nie noodwendig afstel

### Steeds baat dit Affies nie want Grey bly paraat vir die groot-gees-geveg



Damme water verhoed Grey-Affies kragmeting. **Foto: Simon Sonnekus**

Onophoudelike reën het gesorg vir een van die grootste teleurstellings van 2011 se sportseisoen, toe die interskole tussen Grey Kollege en Affies uitgestel moes word.

Na sinvolle advies deur menige kenners wat die veld ondersoek het, insluitend dié van mnr Lourens van der Merwe wat die skeidsregter vir die eerstespan-wedstryd sou wees, het mnr Volsteedt die finale besluit oor die saak geneem. Die risiko's van spel in sulke haglike omstandighede sou te groot wees, en die interskole is gevolglik uitgestel na 16 Junie 2011.

Die besluit is tydens 'n saalbyeenkoms bekendgemaak, tot groot onsteltenis van die skoliere daar aanwesig. Die gedempte gees was onmiddelik opvallend en die saal-samesang was skielik minder entoesiasties. Die Cheetah-spelers wat dié dag in die saal was om die seuns toe te spreek, het 'n aansienlik-minder begeesterde gehoor toegespreek as wat vóór die bekendmaking van die besluit verwag is.

'n Poging is egter aangewend om 'n bietjie troos te bied deur elke Grey-leerder 'n kaartjie na die rugbywedstryd tussen die Vrystaat Cheetahs en die Crusaders te skenk.

Die besluit het veral groot ongelukkigheid veroorsaak onder die "Grey Boys" wat sou deelneem. Martin "Wippies" Wipplinger, haker van die o/16A-rugbyspan, se eerlike opinie is: "Ek verstaan werklik dat veiligheid eerste gestel moet word en respekteer die finale besluit, maar dit is wel belangrik dat ons steeds dié jaar teen hulle meeding, want as ons die beste wil wees, móét ons teen die beste kompeteer."

Die besluit om die interskole-byeenkoms uit te stel het ook groot konsternasie elders in Bloemfontein veroorsaak. Verskeie gastehuise het probleme ondervind met besprekings wat skielik gekanselleer is, as gevolg van ondersteuners wat nie meer na Bloemfontein sou kom nie.

Die Affies was ewe teleurgesteld oor die uitstel van 'n byeenkoms waar hulle net soveel het om te wen, en te verloor, as Grey. Wim Steyn, matriekleerder aan Afrikaans Hoër Seunskool, het die volgende kommentaar gehad: "Dit is 'n groot teleurstelling dat ons nie nou teen Grey sal kan meeding nie. Ons was sielkundig en fisies voorbereid op 'n groot naweek. Ons sal nou maar moet wag tot die 16de Junie om ons staal te wys."

Die eerstespan-wedstryd tussen Grey en Affies is 'n FNB Classic Clash en ongeveer 15 000 toeskouers is verwag. Daar is gereken dat dit die grootste interskole wat Grey tot dusver aangebied het.

Die enigste troos is dat ons steeds die kans het om dié jaar teen hulle mee te ding - en 'n mens kan nou maar net hoop dat die oorspronklike bedreiging van 'ongelukkige Vrydag die 13de' uit die weg geruim is.

**- Reinhard Arndt**

# Staan opsy manne, hier kom Vollies verby


Brandarm of skatryk, elke persoon op aarde vier een spesiale dag; jou verjaardag. Op 20 April het Grey Kollege gesamentlik 'n spesiale dag gevier! Dit was mnr Johan Volsteedt se 64ste verjaardag.

Hierdie was werklik 'n spesiale dag, vir die Grey-seuns, en vir Meneer ook.

Die oggend voor skool begin het, het die prefekte en al die manspersoneel saam met Meneer ontbyt geniet.

Almal het hom gelukgewens en Daniël de Jager, onderskoolkaptein, sê dat sy foon nie ophou lui het nie!!

Gedurende die saalperiode het Meneer met al drie sy kinders via Skype gepraat. Daniël sê ook: "Daar was daardie gees wat jou hoendervleis gee." Menee het met al 3 sy kinders gepraat en hy sê dat dit vir hom ongelooflik was, hy het dit glad nie verwag nie en daarom was dit net soveel meer spesiaal.



Mnr Volsteedt in 'n ligte luim in die personeel-kamer. **Foto: Simon Sonnekus**

Die welsynsprojek "Clothing4Children" wat deur St John's se hoofseun, Schalk Burger, begin is, was op hierdie dag ook by die skool. Hulle het leë sakke kom uitdeel waarin die leerders hulle ou klere, komberse en skoene kon plaas, vir verspreiding aan minderbevoorregtes. Mnr Volsteedt het die initiatief geneem om hierdie projek na Grey toe te bring. Sonder enige woorde beskryf hierdie daad die eerbare gentleman wat hy is; dat hy op sy verjaardag ook aan die minderbevoorregtes dink en aan hulle ook 'warmte' wil gee.

Hierdie uitreik-aksie is tipies van dit wat mnr Volsteedt verpersoonlik: naasteliefde en empatie vir almal wat in sy dampkring beweeg.

Dit is 'n algemene feit dat enigeen wat sy hulp of raad nodig het, verseker kan wees van 'n oop deur en 'n objektiewe besluit. Alhoewel sy insette nie altyd noodwendig onmiddellik gewild of aanvaarbaar is nie, is dit uiteindelik tog maar die beste opsie.

'n Anonieme matriekleerder het die volgende te sê: "Dis vir my absoluut die mooiste, dat Meneer op 'n dag wat oor hom gaan, nie net oor sy geluk omgee nie, maar ook oor daardie mense wat niks het nie!

Party mense sê dat die eerste hoeksteen van Grey in 1856 gelê is, maar daardie hoeksteen werk nou op sy hardste: Mnr Johan 'Vollies' Volsteedt - mag sy voorbeeld altyd lei.

**- Quintin Beukes**





# The ecstasy and the agony of choice

## Selecting a career is often the most stressful part of the matric year

To some it may be just the next stage in the ongoing journey that is daily life, to others it may be a recurring monotonous event; for some a job. However, regardless of what you call it, it is your career…


There comes a time in one's life when the thought strikes - what am I going to do after school? Do I pursue sports dreams? Should I study? Do I go work for my parents? All these are questions that we as learners ask ourselves at some point or another, whether it be in primary school or during our last matric exam… what next?

Several learners interviewed about what career they will follow, provided various answers, ranging from playing sports for our country to studying psychology and from architecture to farming.

Studies conducted at the university of the Witwatersrand show that over the past two years job acquisition has been more difficult than in times of apartheid! In a recent radio interview with the head of the Department of Education, it was stated that students just aren't getting far after school because there are so few job opportunities… a sobering thought for matriculants.

Nevertheless, learners should not be discouraged by statistics. Instead, they should choose to persevere, study hard and obtain good marks to open as many opportunities as possible. Donald Trump once said, "I didn't get to where I am doing my job, I got here by following my passion".

**- Jarryd Scholtz**




**Graphic: Jarryd Scholtz**

## KORTNUUS

### Ekstra vakansiedae laat leervure hopelik hoër opvlam

22 April tot 2 Mei was vakansie vir baie skoliere in Suid-Afrika, en vir Grey-seuns was dit geen uitsondering nie. Goeie Vrydag, Familiedag, Vryheidsdag, Werkersdag en twee ekstra publieke vakansiedae tussenin het binne 'n kwessie van 11 dae geval.

Dit het tot gevolg gehad dat slegs twee skooldae in hierdie tyd moontlik was, en die skool het besluit om dié dae ook af te gee (met die toestemming van die department, natuurlik). Die seuns het vroeër skool toe gekom en later huis toe gegaan vir ongeveer drie weke om op te maak vir hierdie verlies aan akademiese tyd.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat hierdie skielike meevallertjie nie gewigtig is, gemeet teen die besondere lang Julie-vakansie tydens die Sokker Wêreldbeker nie. Ten spyte daarvan, was die akademiese uitslae in die Vrystaat die beste wat dit in jare was.

Dit moet dus aanvaar word dat hierdie paar dae nie 'n vreeslike impak op akademiese aktiwiteite behoort te hê nie. Soos die gesegde lui: "When the occasion demands it, the Grey boy comes up to scratch."

Hierdie ekstra "vakansietjie" het dus baie motivering gebied vir 'n altyd-gewillig-om-te-"chill"-leerlingkorps!

**- Christoff Odendaal**

# Die 'glaskas' resoneer weer en wen groot goud vir musiekgroepe

Die koorkamer of 'glaskas' by die musiekblok moes dringend herstel word weens erge konstruksieprobleme. Volgens mev. Van Rooyen, hoof van die musiekdepartement, het die probleme onstaan as gevolg van strukturele foute.

Die buitemure by die skuifdeure het begin meegee. As gevolg van krake in die balke het die dak ook begin inval. Die permanente skade was waarneembaar met die begin van die skool in Januarie. Dit het begin met die kraak van die muur teen die gimnasium.

"Geen veranderings is tydens die herstelproses aangebring nie, die dak is oorgedoen en die mure is versterk" sê mev. Erasmus, 'n leerkrag aan die musiekdepartement. Die 'glaskas' is ook netjies uitgeverf. Mev. Van Rooyen verklaar dat daar goeie strukturele vooruitsigte is ten opsigte van die aanbring van trappe wat as 'n verhoog kan dien.

Daar was geen verlies aan kwaliteitonderrig nie en ook nie aan die operasionele werking van die musiekdepartement nie. Die onderrig moes wel in 'n kleiner klaskamer plaasvind. Joshua Stevens, lid van die koor, ensemble en die Grey Band kan getuig van die sukses en volharding van die musiekdepartement onder moeilike omstandighede.

Die 'glaskas' is weer op 3 Maart in gebruik geneem en, soos die Kunswedstryduitslae getuig, laat die musiekdepartement hulle nie van stryk af kry - of van noot af bring - deur 'n gebou wat om hulle ore inmekaar sak nie.

**- Luan Reynders**



Die herstelde 'glaskas' soos dit nou daar uitsien. **Foto: Simon Sonnekus**




# Did you cast your vote? No? Then don't complain

South Africans recently cast their ballots in the local government elections. Amongst those who voted on 18 May were Grey boys who, for the very first time, had the opportunity to vote.

Two matric boys who voted, Bjorn Anderson and Mokete Moleleki, share their experience with us. Mokete said,"Voting for the first time is such a good feeling - I feel like now I'm old and actually contributing to society. I voted because I want to add my two-cents about what happens in the country". Bjorn shares the sentiment, "I felt empowered by being able to make a contribution towards bettering my country".

Not all matrics were old enough to vote, missing it by mere months. One such learner, Calyb Soekoe, expresses his disappointment on not being able to vote, as follows, "Here in South Africa your vote could make a difference and I was disappointed that I couldn't vote and help bring about change. Those who could vote but didn't, should not complain." There are Grey boys who were old enough vote, but didn't and one such learner, Kamogelo Leeuw, expresses his frustration. "I was in Germany at the time of registration. There should've been more opportunities to register, especially for new voters like me who knew very little about when registration was going to take place." Another learner who didn't vote said, "I didn't vote because I didn't register and I didn't register because I don't keep track of politics. I do, however, regret not registering."

One thing is sure - it is gratifying to note that our generation will not be a generation of yes-men.

**-Billy Grunow**

# Musiekgroepe verleen luister aan jaarlikse Lady Grey-skouspel

## Passiespele lok nasionale en internasionale gehore na Oos-Kaapse dorpie

Die Lady Grey passiespel was hierdie jaar weer 'n reuse sukses. Mense kom van heinde en verre om hierdie jaarlikse skouspel by te woon. So was Indomitus en die Grey Ensemble ook bevoorreg om hierdie jaar deel daarvan te wees.

Lady Grey is 'n pragtige en rustige dorpie sowat 50 kilometer van Aliwal-Noord in die Oos-Kaap. Dis in 1856 gestig toe die plaas Waaihoek gekoop is deur die Duits- Gereformeerde kerk op Aliwal-Noord. Hulle wou 'n nuwe gemeente in Lady Grey stig. Die nuwe dorpie is vernoem na die stigter van Grey Kollege, Sir George Grey, se vrou Eliza Spencer.

Die passiespele vind jaarliks plaas gedurende die Paasnaweek. Vir drie dae word die gehoor deur die akteurs van plek tot plek deur die dorp geneem waar verskillende tonele uit die Bybel opgevoer word. Dele van die prentjiemooi dorpie vorm die verhoog vir aangrypende tonele van Jesus se laaste paar dae op aarde. Die meeste tonele speel in die dorpie se NG kerk af. Hier is 'n manjifieke verhoog gebou waar die akteurs, inwoners van die dorp, asook leerders, optree.

Die Altech-koor, saam met dansers en akteurs, vorm die basis van die rolverdeling en elkeen dra op 'n spesiale manier by tot die unieke aanbieding.

Die teks, geskryf word deur personeel van die Arts Academy, is aangepas deur Johan Hattingh en hy was verantwoordelik vir die produksie. Die Arts Academy is 'n skool van bykans 600 leerders, waar elkeen op een of ander manier by die kunste betrokke is, hetsy met musiek, sang, drama, dans of grafiese kuns. Die passiespel gee die leerders van hierdie skool die wonderlike geleentheid om hulle beste talente na die verhoog te bring.



Die Indomitus-sanggroep voor die NG Kerk in Lady Grey. **Foto: Verskaf**

Die passiespel is vir die eerste keer in 2002 opgevoer en dit het elke jaar gewilder geword. Hierdie jaar was dus die tiende herdenking, daarom was dit 'n groot eer vir Grey om deel hiervan te wees.

Hierdie jaar was dit ook nie anders nie, en bykans seshonderd mense het na Lady Grey gestroom om die wonderlike pelgrimstog mee te maak.

Indomitus het verskeie liedere deur die naweek gesing. Hulle het onder andere die immergewilde Gebed van Koos du Plessis gesing en die gehoor was in vervoering hieroor. Een van die hoogtepunte was toe Indomitus by die Perdedam, *Lord Have Mercy* gesing het. Tydens hierdie toneel kom Jesus op 'n bootjie aangery oor die water, wat uitbeeld hoe Hy op die see van Galilea gevaar het.

Die stryk-ensemble het vir verskeie tonele in die kerk, en ook by die skool, die agtergrond-musiek verskaf.

Gedurende hierdie spesiale naweek word daar ander produksies deur die Lady Grey Arts Academy opgevoer. Een was 'n musiekblyspel, "Holywood". In hierdie musiekblyspel word die laaste dae van Jesus op 'n moderne manier uitgebeeld.

Daar word verwys na hierdie Passiespel as Suid-Afrika se eie Oberammergau, soos in Duitsland waar daar elke tien jaar 'n passiespel opgevoer word om die dood en opstanding van Jesus te herdenk.

**- Wijbren Nell**

## STACCATO

### Baton not just a stick



A baton is a stick that is used by conductors primarily to exaggerate and enhance the manual and bodily movements associated with directing an ensemble of musicians.

They are generally made of a light wood, fibreglass or carbon fibre which is tapered to a grip shaped like a pear, usually of cork or wood.

The grip can be customised based on the conductor's needs. Professional conductors often have them made to their own specifications based on their own physical demands and the nature of the performance.

Jean-Baptiste Lully (1632-1687), the first documented conductor, was the first musician to use a baton. It was a heavy, six-foot-long wooden staff that he pounded on the ground in time to the music.

One day, at a concert to celebrate the king's return to health, he accidently stuck the staff into his foot. He developed gangrene and died.

Thus, a word to the wise - do not underestimate the power of music - literally!

**- Wijbren Nell**

# Jaarlikse kultuuraand is 'n kaleidoskoop van klanke




Grey Kollege se jaarlikse inter kultuuraand met Affies sal nooit tot niet gaan nie. Weke se oefening, geduld, *"Red-Bull"* en kreatiwiteit het gelei tot een van die mees suksesvolle Grey-Affies konserte ooit.

Affies se 180 koorseuns en musici het 13 Mei reeds vroeg die pad vanaf Pretoria na Grey Kollege aangepak, terwyl Grey se musiekleerders en onderwysers van vroegdag af besig was om tussen Kunswedstryde en reënvlae deur, die aand te beplan.

Die Grey Kollege Ensemble was derde op die program en het Michael Jackson se *"Black or White"* saam met *"Colour Blind"* gedoen.

Die Grey Kollege koor o.l.v. Marilise van Rooyen het die gehoor vermaak met die pop-liedjie, *"Dynamite"*. Hulle het ook 'n vierstemmigge Afrika-groetlied gesing. Hulle het die werk aangeleer by Michael Brewer, die verwerker. "Toccata of Praise" is een van die koor se ATKV-Applous kompetisie-keuseliedjies en is 'n spesiale stuk.

Daar word gereeld gesê dat jou stem 'n instrument is. Die Indomitus-sangroep het dit bewys toe hulle *"Ganglat fran Appelbo"* met behulp van 'n klein bietjie chereografie en verskillende klanke gesing het.

Die Boereorkeste, van klein tot groot, bly 'n treffer! Elke ouma en oupa kon hulle musiek geniet en wou die dansbaan open met langarm-sokkie.

Die Affieskoor is o.l.v. Michael Barrett en Gisela Scriba. Die koor het weereens gespog met hul wonderlike choreografie in *"Rhythm of Life"*. *"Mangisondele"*, 'n ander lied, is tipies Afrika en het die besonderse kultuur daarvan uitgebeeld.

Die aand is afgesluit met 'n Affies en Grey massa-item: *"The Holy City"*. Die Grey-musiekdepartement het weereens bewys dat kultuur, een van Grey se tonne talente is en kom wind, reën, kapok, sneeu of hael wéér, die talent is onvernietigbaar en intrinsiek deel van die Grey-siel.

Grey se musiekdepartement sluit weer met soos vorige jare, die verrigtinge af met *"Grey Carols"* in November.

Grey se kultuuraktiwiteite gaan vanjaar 'n ware kaleidoskoop wees! Elke leerder gaan vir seker *"Grey in Union"* in murg en been ervaar.

**- Tian Nienhaber**






# Daar's 'n slang in die gras

As daar een ding is wat mense nie graag hoor nie, is dit dat hulle verkeerd is. Die eerste kwartaal was 'n sege vir die klas van 2011 - ons het net gehoor hoe spoggerig ons is en in die naïewe euforie van 'n nuwe jaar het ons vergeet om krities met onsself te wees. Oudergewoonte is die jaar eers in die tweede kwartaal onder die loep geplaas en wat ons gesien het, was nie altyd vreeslik mooi nie.

Laat ons nie doekies omdraai nie: een van die belangrikste en lekkerste dinge van grootwoord is die vryhede wat mens bykry. Dié nuwe vryheid word meestal nie gebruik vir sedelike, gedissiplineerde doeleindes nie; dit word gebruik vir drank, sigarette, dwelms, seks… en omdat Grey gentlemen ook maar net Grey gentle-"men" is, het ons dieselfde drange as alle ander mans, "gentle" of te not.

Soos mens ouer, of eerder "meer tienderjarig", word, leer mens ook hoe magtig hierdie impulse om stroomop te wees, werklik is. Mens besef dat minder en minder mense ons erekodes en tradisies ernstig opneem en dat meer en meer mense drink, rook en selfs dagga gebruik. Mens leer ook dat mens dit minder en minder erg vind dat hierdie dinge gebeur, en eksperimenteer dalk self ook daarmee.

Dit is nie redelik om perfekte konformasie en dissipline van 1200 geslagsrype tieners te verwag nie. Opstandigheid is deel van van grootword. Wat egter redelik is, is om van 1200 bykans volwasse jong mans te verwag om te weet waar om die streep te trek. Ons is nie meer onskuldige kinders nie, ons kan sekere keuses nou al self maak. En as mens dit nie vir sy skool, sy ouers, sy vriende, sy geloof of sy morele waardes doen nie, wees dan selfsugtig en doen dit vir jouself.

Dit is baie moeilik vir enigiemand, veral tieners, om te erken as hulle verkeerd is, maar ernstige selfrefleksie is nodig. Is dit werklik die moeite werd om ons aan hierdie euwels te onderwerp? Wat gee ons prys om hierdie dinge te doen? Ten koste waarvan leef ons ons vryheid uit? As dit werklik die moeite werd is, dan is dit goed so. As ons egter iets verloor in die proses, moet ons miskien leer om matigheid voor oë te hou.




BRIEWE/MAIL



## Onberispelike gedrag bly opvallend

Ek was bevoorreg om al drie Grey se o/16-wedstryde die afgelope vakansie by Paarl Gim by te woon. Ek wil net hê dat u al die spelers, afrigters en ouers komplimenteer met hulle onberispelike gedrag. Hulle het, wen of verloor, deurgaans soos ware Grey Gentlemen opgetree, dikwels onder groot provokasie - ek bedoel GROOT provokasie.

Dit was vir my weereens 'n eer om met die skool geassosieër te word en ek het met trots my oud-Grey klere gedra.

Baie geluk en voorspoed met die harde werk. Dit gaan al moeiliker om hierdie standaarde te handhaaf.

Solank daar toegewyde personeel en begeesterde seuns die kern van Grey uitmaak, kan en sal dit net goed gaan.

***Groete***
***Anoniem***


## Redaksielys 2011

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur** Christoff Odendaal
**Subredakteur: Nuus**
Melo Mtombeni
**Subredakteur: Sport**
Hendrik Wilken
**Subredakteur: Diepte**
Wimpie Greyvenstein
**Subredakteur: Joernaal**
Henri Brummer
**Subredakteur: Kultuur**
Wijbren Nell

**NUUSREDAKSIE**
Billy Grünow
Simon Sonnekus
Claudio Achadinha
Quintin Beukes
Luan Reynders
Reinhard Arndt
Jarryd Scholtz
Vince de Beer

**SPORTREDAKSIE**
Peter van Biljon
Helgard Claassen
Phil Boshoff
Jan-Willem Ras
Jason Long
Pieterjan Eloff
Armand Pretorius
Julius Zerwick

**DIEPTEREDAKSIE**
Björn Anderson
Graham McFarlane
Dianno Baatjies
Faiq Fredericks
Malan Bosman
Daniël Steenkamp

**KULTUURREDAKSIE**
Kevin Kok Tian Nienaber

**JOERNAALREDAKSIE**
James Rothmann Willie Louw

**KUNSTENAARS**
Thomas von Delft Casper Schutte

**FOTOGRAWE**
George Briedenhann
Riaan Carr
Le Riche Coetzer
Hanno du Preez
Henry Galloway


# C n N producers - watch this space

## Chistoff Odendaal interviews two young and aspiring movie moguls




Claudio Achadinha and Nic Venter enjoy Six Cokes with Christoff Odendaal. **Photo: Simon Sonnekus**

*What exactly is it that you guys do, and why do you do it together?*
We are CnN Productions. Basically we make productions of anything, be it a friend's birthday or the end of the world. We do it together because without the C or the N there can be no CnN.

*As julle dieselfde persoon was, wat sou julle naam wees?*
Russel Brand combined with Michael Scofield. So basically, a British comedian who is married to Katy Perry, and who enjoys escaping from prison.

*Who inspires you?*
We find inspiration wherever we go- be it the class of 2011, Will Farrell or our class mascot, Mpoenkie.

*Nic, is daar enigiets wat net jy oor Claudio weet? And vice versa, Claudio? Please share.*
Nic: Ek kan sien wanneer hy lieg en hy hardloop snaaks.
Claudio: I have the special ability to tell when Nic is sleeping: his eyes are closed and he has lost all consciousness.

*Wat is die snaaksste ding wat julle nog ooit gehoor het/wat met julle gebeur het?*
Daar is te veel "jy moes daar gewees het"- oomblike - julle sal dit nie snaaks vind nie!

*If you could be any animal, which would it be and why?*
A unicorn. There is no need to explain our answer because, you know, it's a unicorn!

*As julle 10 miljoen rand gehad het, wat sou julle koop?*
'n Jan Serfontein

*What are you going to do next year?*
Nic: Study psychology.

GESKIEDENIS

## Die onbekende skoolhoof

Verskeie skoolhoofde, onder wie ds. Andrew Murray en dr. Johannes Brill, het sedert 1855 tot die sukses van Grey bygedra. Nie alle hoofde het egter 'n beduidende nalatenskap gehad nie. Een spesifieke voorbeeld wat hier uitgesonder kan word, is mnr O.C. Mostert, wat in 1871 die pos



aanvaar het. Die aanstelling was onsuksesvol aangesien die onderwyskommissie reeds 'n jaar na sy aanstelling verslag gedoen het oor die onbevredigende toestand van die skool. Hy is na 18 maande deur die kommissie ontslaan as gevolg van "herhaalde oortredinge". 'n Interessante feit oor die voormalige skoolhoof is dat daar geen melding van sy naam gemaak is nie en geen foto van hom beskikbaar is nie. Selfs die betroubare Google soekenjin het geen resultate opgelewer nie. Dr. Brill het jare later melding van Mostert gemaak en hom as 'n talentvolle man wat op 'n te jong ouderdom aangestel is, beskryf.

# Mees gehate terroris in die wêreld kom tot 'n val na jare van wegkruip

## Obama troef Osama in 'n fyn-beplande militêre aksie in Pakistan

Op 2 Mei vanjaar kondig president Obama van die VSA aan dat Osama bin Laden in 'n Amerikaanse aksie in Pakistan doodgeskiet is. Feitlik die hele Westerse wêreld juig - vir hulle was hy 'n terroris. In teenstelling daarmee treur 'n groot deel van die Moslemwêreld en sweer wraak - vir hulle was hy 'n geestelike leier. Maar wie is hierdie man en wat het hy gedoen?

Usāma ibn Muhammad ibn Awad ibn Lādin (beter bekend as Osama bin Laden) is op 10 Maart 1957 in Saoedi-Arabië gebore. Sy moeder was van Sirië en sy vader van Jemen. Op sewentienjarige ouderdom trou Osama met 'n Siriese familielid.

Toe die voormalige Sowjet-Unie Afghanistan in 1979 binnegeval het, het Bin Laden dit as sy plig as Moslem beskou om die inval te beveg. As geestelike leier het hy met Amerikaanse steun teen die Sowjet-inval geveg. Hy het vegters opgelei wat bestaan het uit Moslems van oral oor die wêreld. Hulle het die oorlog beskou as Djihad ('n heilige oorlog), 'n Islamitiese kruistog met die doel om ontslae te raak van die Russe.

